# Kleinmond Spesiale Aanslaggebied

Maatskappy sonder winsbejag
Registrasienommer 2021 / 352528 / 08

## Implementeringsplan

vir die termyn van 1 Julie 2026 tot 30 Junie 2027

## 1. Doelwitte

Hier is ’n opsomming van die doelwitte van KSAG soos gestel in die goedgekeurde sakeplan:

### 1.1 Bestuur

- Om KSAG effektief en volhoubaar te bestuur.

Hiervoor is ’n maatskappy sonder winsbejag gestig, soos uiteengesit in artikel 1 van die Maatskappyewet nr 71 van 2008.

### 1.2 Veilige omgewing

- Om in samewerking met OM Openbare Veiligheid en binne die raamwerk van die relevante OM regulasies gemeenskapsbetrokkenheid te bevorder om sodoende ’n veilige omgewing vir alle inwoners te bevorder.
- Om ’n gevorderde geslotebaan-kamerastelsel op te rig wat aan ’n beheerkamer gekoppel is.
- Om KSAG te onderwerp aan toepaslike wetgewing, beleid en regulasies ten opsigte van, onder andere, die regulering van eksterne en geslotebaan-televisiekameras op OM eiendom soos openbare areas, padkruisings, padreserwes en so meer.
- Om te voldoen aan die vereistes van OM se geslotebaantelevisie-beleid.
- Om die dienste te verkry van ’n behoorlik toegeruste plaaslike beheerkamer ten einde 24/7 monitering te verseker.
- Om ’n diensverskaffer aan te stel wat geakkrediteer is volgens die Wet op die Regulering van die Private Sekuriteitsbedryf (PSISA) en by die Beheerliggaam van die Private Sekuriteitsbedryf (PSIRA) geregistreer is.
- Om ’n effektiewe kommunikasiestelsel te vestig, met gereelde wenke en voorstelle ten opsigte van ’n veilige omgewing.
- Om kommunikasie met eiendomseienaars te fasiliteer.
- Om ’n databasis te skep van alle relevante inligting van inwoners en dit op datum te hou sodat dit beskikbaar kan wees in noodsituasies. Hierdie inligting sal vertroulik wees en nie met ’n derde party gedeel word nie.
- Om by te dra tot die skep, toets, implementering en opdatering van die Gebeurlikheidsplan van OM.
- Om, indien nodig, gemeenskapsbetrokkenheid te koördineer in die geval van die uitvoer van die gebeurlikheidsplan.
- Om bestaande goeie verhoudings met die Gemeenskapsveiligheidsforum en ander organisasies betrokke by die veiligheid van die omgewing uit te bou.

### 1.3 Skoon en gesonde omgewing

Om OM te ondersteun deur probleemareas te monitor om sodoende onwettige rommelstorting en -strooiing, die blokkering van stormwaterkanale, gebiede en woongebiede wat ’n brandgevaar inhou, alkoholmisbruik in openbare areas, sake rakende probleemdiere, indringerplantegroei, die

noodsaak van brandpaaie en die verval of vandalisering van voetpaadjies en plankepaadjies te kan rapporteer.

## 2. Implementering van doelwitte 2026/7

| Take | Verantwoordelikheid | Prestasie-aanduider |
|---|---|---|
| **Beheer en bestuur** | | |
| Bestuur en beheer van die projek. | Voorsitter van die raad | Doelwitte suksesvol geïmplementeer. |
| Daaglikse bestuur en operasies. | KSAG raad | Raadslede lewer maandeliks verslag aan raad. |
| Toesig oor diensverskaffer. | KSAG raad | Gereelde vergaderings met diensverskaffer.<br>Diensverskaffer voldoen aan standaard operasionele prosedures en diensvlak-ooreenkoms. |
| Aanstel en bestuur van personeel (monitering en reaksie). | Diensverskaffer | Diensverskaffer lewer maandeliks skriftelik verslag aan die raad. |
| Raadsvergaderings. | KSAG voorsitter | Maandelikse vergaderings. |
| Kommunikasie en opdatering van KSAG-lidmaatskap. | KSAG administratiewe beampte | Administratiewe beampte lewer maandeliks verslag aan raad. |
| Verslag aan eiendoms-eienaars. | KSAG administratiewe beampte | Verslag maandeliks in media gepubliseer en per e-pos aan eiendomseienaars gestuur. |
| Boekhouding. | SS Hansen Rekenmeesters | Maandelikse finansiële verslae aan KSAG raad. |
| Ouditering van boekhouding. | SS Hansen Rekenmeesters<br>KSAG raad | Ongekwalifiseerde ouditeursverslag goedgekeur deur raad en bekragtig deur lede teenwoordig by algemene jaarvergadering. |
| Finansiële verslag aan OM Direkteur: Finansies. | SS Hansen Rekenmeesters | Maandelikse verslae aan OM Direkteur: Finansies voorgelê. |
| Algemene jaarvergadering. | KSAG raad | Behoorlike kennisgewing van vergadering, voorsitter se jaarverslag gelewer, ouditeursverslag goedgekeur, ouditeure aangestel, begroting goedgekeur, wysiging van akte van oprigting goedgekeur indien nodig, notule geneem en op KSAG webblad geplaas. |
| | | |
| **Veilige omgewing** | | |
| Verbeter strukture om gemeenskapsbetrokkenheid by veiligheidsake van gemeenskap te bevorder. | KSAG raad | Aktiewe deelname aan strukture waarin OM verteenwoordig word, byvoorbeeld die OM veiligheidsforum en weeklikse JOCOM vergaderings. |
| Identifiseer tekortkominge tov veilige omgewing saam met ander rolspelers en ontwikkel en implementeer effektiewe strategieë om dit te hanteer. | KSAG operasionele raadslede in samewerking met die raad | Aktiewe deelname aan strukture waarin OM verteenwoordig word en JOCOM vergaderings waar hierdie sake bespreek word.<br>Skakeling met ander vennote in die veiligheid van die dorp soos die plaaslike polisie, sekuriteitsmaatskappye, Kleinmond Straatwag, Kleinmond Belastingbetalersvereniging. |

| | | |
|---|---|---|
| Lewer insette in die hersien en opdatering van die gebeurlikheidsplan gemik op behoeftes in Kleinmond met prestasie-aanduiders om moniteringsdienste deur aangestelde diensverskaffer te rig en om dienste gelewer te evalueer. | KSAG operasionele raadslede in samewerking met die KSAG raad | Aktiewe deelname aan strukture waarin OM verteenwoordig word. |
| Instandhouding en verbetering van die kamera-moniteringstelsel. | Diensverskaffer | Kameras opgerig en aktief by strategiese punte in Kleinmond.<br>Instandhoudingsverslae ontvang deur KSAG raad. |
| Elektroniese verbinding tussen kameras en beheerkamer. | Diensverskaffer | Elektroniese verbindings gevestig, aktief en gekoppel aan beheerkamer. |
| Kragtoevoer na kameras in samewerking met OM Direktoraat: Infrastruktuur en Beplanning. | Diensverskaffer,<br>OM Elektrisiteits-voorsieningsdienste | Kragtoevoer en rugsteunbatterye beskikbaar vir elke kamera. |
| Opdatering van harde en sagteware in beheerkamer. | Diensverskaffer | Doelmatige toerusting en sekuriteit in beheerkamer.<br>Opgradering van sagteware om deur effektiewe outomatiese intelligensie data te versamel en te stoor. |
| Verdere verfyning van beheerkamerfunksies en reaksie-strategie. | Diensverskaffer<br>KSAG operasionele raadslede | Diensverskaffer voldoen aan operasionele prosedures soos ooreengekom.<br>Beste moontlike strategie is ontwikkel om maksimumwaarde uit die stelsel te kry. |
| Wend hulpbronne (monitering, reaksie-personeel en voertuie) aan vir sigbare monitering en wetstoepassing in samewerking met OM Direktoraat: Openbare Veiligheid en die SAPD. | Diensverskaffer<br>Kleinmond Straatwag | Diensverskaffer voldoen aan operasionele prosedures soos ooreengekom.<br>Maandelikse verslae aan KSAG raad. |
| Hulp aan OM Openbare Veiligheid en die SAPD. | Diensverskaffer | Voorsien toegang tot relevante data binne wetlike beperkings en voorwaardes. |
| Vestig effektiewe kommunikasie-strategie met gemeenskap tov ’n veilige omgewing en optrede tydens rampe en noodsituasies. Alle kommunikasie in hierdie verband moet voldoen aan OM se amptelike kommunikasiebeleid. | KSAG administratiewe beampte | Stelsels vir kommunikasie met gemeenskap per e-pos, sosiale media, SMS, WhatsApp en plaaslike koerant. |
| Hou die strategie vir gemeenskapsbetrokkenheid in die OM gebeurlikheidsplan op datum. | KSAG raad<br>KSAG administratiewe beampte | Strategie vir gemeenskapsbetrokkenheid in gebeurlikheidsplan wat goedgekeur is deur die OM raad, getoets is en gekommunikeer is aan die gemeenskap. |
| CCTV-kamerastelsel. | KSAG raad<br>Diensverskaffer | Die implementering van die 22 pale met 59 kameras wat tans op strategiese punte opgerig en aan die stelsel gekoppel is. |

| **Skoon en gesonde omgewing** | | |
|---|---|---|
| Identifiseer probleme rakende ’n skoon en gesonde omgewing en rapporteer aan OM. | KSAG raadslid vir skoon en gesonde omgewing | Inwoners word versoek om kwessies in hierdie verband aan KSAG te rapporteer.<br>Gereelde ontmoetings met raadslede, OM amptenare en ’n verteenwoordiger van Kleinmond Natuurbewaringsvereniging om kwessies in hierdie verband te bespreek en na oplossings te soek. |
| Monitor onwettige rommelstorting en -strooiing, brande en brandstigting en rapporteer aan OM. | KSAG raadslid vir skoon en gesonde omgewing | Videomateriaal en foto’s van oortreders deur moniteringstelsel vasgelê of deur die KSAG direkteur of inwoners geneem, word beskikbaar gestel aan OM om op te volg. |
| Monitor onwettige alkoholmisbruik en help OM-wetstoepassing om teen oortreders op te tree. | KSAG raadslid vir skoon en gesonde omgewing | Videomateriaal en foto’s van oortreders deur die moniteringstelsel vasgelê of deur die KSAG direkteur of inwoners geneem, word beskikbaar gestel aan OM om op te volg. |
| Bevorder die vermindering van afval en herwinning deur opvoeding en bewusmaking. | KSAG raadslid vir skoon en gesonde omgewing<br>KSAG administratiewe beampte | Gereelde verwysings hierna in verslae aan eiendomseienaars ter wille van bewusmaking van die publiek. |

Namens die direkteure van Kleinmond SAG MSW

Voorsitter: PJL (Vic) Brink

Julie 2026

info@kleinmondsag.co.za